# Laerskool Eligwa

10 September 2025

Geagte Ouers / Voogde

NUUSBRIEF NR. 11 VAN 2025

Graag bring ek die volgende onder u aandag:

**1. SKOOLFONDS**

Baie dankie vir die van u wat getrou u verpligtinge nakom. Skoolgeld is ‘n enkele jaarlikse bedrag wat tydens die begrotingsvergadering vasgestel word. Ouers kom gewoonlik met die skool ooreen om skoolgeld in paaiemente te betaal. Hierdie is dus ‘n statutêre plig wat deur ouers nagekom **moet** word. Dankie vir u begrip.

**2. BEGROTINGSVERGADERING**

Op Woensdag, 1 Oktober 2025, sal daar ‘n begrotingsvergadering ten opsigte van 2026 se begroting plaasvind. Die vergadering sal om 17:30 ‘n aanvang neem. U teenwoordigheid sal baie waardeer word.

**3. OPLAAI VAN LEERLINGE NA SKOOL**

Ons wil weer ‘n beroep op u doen om asseblief u kind direk na skool op te laai. **GEEN p**ersoneellid is na skool beskikbaar om kinders op te pas nie, omrede hulle besig is met buitemuurse aktiwiteite en vergaderings. Dit is ook nie veilig vir u kind om na skool alleen buite te wag nie. Dankie vir u begrip en samewerking.

**4. TASSE EN KLERE**

Ons wil graag ‘n vriendelike beroep op u doen om u kinders se klere duidelik te merk. Daar word op ‘n gereelde basis klere na die kantoor toe gestuur wat in die badkamers en op die terrein opgetel word. Leer ook asseblief u kinders om verantwoordelikheid vir hulle klere te aanvaar deur dit nie te laat rondlê nie. Ons wil ook ‘n beroep op u doen om baie ernstig met u kinders te praat oor die hantering van hulle tasse. Kinders wat na skool vir hulle ouers wag, moet asseblief nie hul tasse buite die terrein laat en dan binne rondspeel nie. Ons het reeds ‘n paar gevalle gehad van rondlopers wat die tasse neem en daarmee verdwyn. U samewerking in die verband sal waardeer word.

H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate ● ✉ 11 ● VANDERBIJLPARK ● 1900 ● ☎ (016) 933-4774 ● E-pos: eligwa@mweb.co.za

**5. TOER**

Baie sterkte aan ons Gr.6- leerlinge wat by Jubaweni gaan toer vanaf 25 September 2025 tot 28 September 2025. Geniet dit en wees goeie ambassadeurs vir die skool.

**6. BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Baie geluk aan die volgende leerlinge wat baie goed presteer het in hul onderskeie sportkodes:

O/9- skaakspan. (D8 wenners – deur na Gauteng)
O/13- skaakspan. (D8 naaswenners – deur na Gauteng)
Anésha Fourie. (D8 landloop – deur na Gauteng)
Walter van der Walt (Valke 7's O/13-span)
Ons is voorwaar baie trots op julle.

**7. OLIMPIADE**

Ons leerlinge het deelgeneem aan die distrik se Olimpiades.
Gr. 7 – Thomas Floor behaal 1ste plek in Wiskunde (deur na Provinsiaal)
Gr. 3 – Kayvian Gorrie behaal 'n derde plek vir Wiskunde
Gr. 3 – Keegan Prinsloo behaal 'n eerste plek vir "Reading Comprehension".
Gr. 3 – Leshaandré Smit behaal 'n 4de plek vir "Spellathon".
Ons is voorwaar trots op julle.

**8.ERFENISDAG**

Woensdag, 24 September 2025 is Erfenisdag. Daar is dus geen skool nie.

**9. UITSTAPPIES**

Ons Gr.3-leerlinge gaan op Donderdag, 25 September, die "Sci-Bono" sentrum en die Gr.5-leerlinge die Voortrekkermonument besoek. Geniet dit en gebruik die geleentheid om baie te leer.

**10. HOPAAND**

Ons beplan 'n lekker HOPAAND vir ons kinders vir 30 September 2025. Die inligting is reeds in u kind se besit. Bestellings sluit 12 September 2025.

**11. PERSONEELKONSERT**

Ons beplan om hierdie jaar weer 'n personeelkonsert op die planke te bring. Dit vind plaas op 15 Oktober 2025 (slegs een aand) en die kaartjies beloop R50 per stoel. Kaartjies is in die kantoor beskikbaar.

**12. ELIGWA SKAAKOPE**

Die Eligwa skaakope vind plaas op Saterdag, 20 September 2025. Enige persoon wat kan skaak speel is welkom om in te skryf.

**13. RUGBYRAAI**

Baie dankie vir u ondersteuning met betrekking tot die rugbyraai. Daar was 1 wenner gewees. Baie geluk aan Grietha Steyn. Geniet die prys.

**14. WALTONS**

Ons het verlede jaar met ons Gr. RR- tot Gr. 2- leerders met die Waltons skryfbehoefte bokse begin om dit vir ons ouers makliker te maak. Daar was verskeie versoeke van ons ouers om dit uit te brei tot by Gr. 7. Alle leerders gaan dus 'n lys ontvang wat u kind benodig vir die volgende akademiese jaar. Dit is werklik kwaliteitprodukte. Hoe gaan dit werk: U neem die bestelvorm en merk af wat u benodig. Waltons verpak u bestelling in 'n netjiese boks en u kom haal dit by die skool af. U hoef dus nie van winkel tot winkel te stap om u aankope te doen nie. **Let wel:Hierdie is 'n gratis diens wat aan u gelewer word om u tyd te bespaar en seker te maak u kind het al sy benodighede vir 2026.** Die bestelvorms moet voor of op 3 Oktober 2025 terug wees by die skool en u kan u boks by die skool kom afhaal op 7 November 2025 tussen 12:00 en 14:00. Waltons sal op 7 November 2025 self by die skool wees om die boks vir u te oorhandig. U kan Waltons op 7 November 2025 kontant of met 'n kaart betaal. Geen vooraf EFT betalings kan gedoen word nie. Die bestelvorm sal Vrydag, 12 September 2025 aan u kind oorhandig word.

Eligwa groete

**BD BOSHOFF**
**HOOF**